

Vreemde vuur voor die Here

Pitkos 2 Maart 2016

Teksgedeelte: Lev 10: 1 – 7

Teksvers: Lev 3b

Tema: Verstom jy nog voor God se heiligheid?

Braam Krüger

Levitikus is dalk nie die maklikste Bybelboek om te lees nie! Maar dit is 'n boek vol van hoop op nabyheid by God. Hy het eers in Exodus sy wette gegee en daarna die instruksies vir die tabernakel – 'n plek vir sy "troon", vanwaar Hy altyd naby sy volk sal wees. In Levitikus se begin reël Hy al die offers wat voortdurend aan Hom gebring moet word as versoening vir die volk se sondes. In hoofstuk 8 word vertel van die priesters se wyding aan die Here. Die eerste keer in die geskiedenis van Israel is daar priesters, wat voortdurend die volk aan die Here gaan opdra. Dit voel soos 'n heilige volk.

Sewe dae lank word die priesters gewy. Aan die einde van daardie sewe dae kom daar vuur van God uit die hemel om die laaste oorblywende offers te verteer. God is by sy volk! Fees!

Maar dan volg hierdie insident! Twee van die priesters, Nadab en Abihu, seuns van Aaron, word self met vuur uit die hemel getref en sterf op slag! Hoe is so iets moontlik?

Wel, daar was baie oortredings is Nadab en Abihu se optrede. Die Bybel sê hulle het "vreemde vuur" aan die Here gebring. Vuur wat nie in lyn is met sy bevele nie. Dit verwys na die wierookbrander ('n lang soort graaf) waarmee die wierookoffer aan die Here gebring was. Elke oggend moes een priester die as van die vorige dag se vuur wegdra. 'n Tweede moes nuwe vuur maak op die regte plek, vuur wat elders voortdurend moes brand. Die derde moes kole gaan haal met die wierookbrander, wierook daarop sprinkel en dit dan voor die Here 'n aangename geur laat opgaan. Dit blyk dus

- Dat twee (Nadab & Abihu) sommer hulle eie grawe gryp,
- Ander vuur as die gewyde vuur gebruik,
- Waarskynlik op die verkeerde tyd
- En waarskynlik onder die invloed van drank (in vers 8vv verbied die Here wyn en drank in die heiligdom, direk in lyn met die teregwysing oor hulle optrede). Met die dronkenskap tree hulle op soos heidense priesters wat dikwels onder die invloed na ekstatische ervarings gesoek het in hulle godsdienstebeoefening.
- Die probleem was dat God nie meer geëer is nie. Sy heiligheid is aangetas. Hy gee opdragte oor hóé Hy aanbid wil word, en om dit te minag, veral deur willens en wetens daarbuite op te tree, tas sy eer aan.

- Daar is verklaarders wat reken hulle het so opgewonde geraak oor die volk se gejuig dat hulle hulleself as die “helde” in die gebeure beskou het, en só die Here se voorskrifte losgelaat het.

Die probleem is dus nie dat hierdie priesters nié met godsdiens besig is nie, nee-wat, in ons terme sou hulle van die voorste ouderlinge of selfs predikante gewees het. Hulle is “kerkmense”. Maar daar is verskil tussen godsdiens en ‘n verhouding met die Here, in die sin dat jy met godsdienstige rituele besig kan wees, sonder om naby die Here te wees. Sonder om aan Hom gebind te wees. En dit is nie goed nie.

Hoe sou ons dit toepas op onself?

1. **Predikante (en kerkleiers)** moet seker maak hulle dra nie vreemde leer aan God se kinders op nie. Jy kan nie preek of leiding gee aan mense in die Here se naam, as dit nie duidelik die Here se Woord is nie. ‘n Bekende Amerikaanse teoloog het onlangs van kerkverband verander omdat sy ou kerkverband begin het om gay huwelike goed te praat en te bevestig. Hy sê: My highest authority is God’s Word”. As jy iemand raad gee, gee God se raad!
2. **Gemeentes en kerkverbande** moet gebonde bly aan die Woord. Anders word daar vals leer in daardie gemeente verkondig – vreemde vuur. Daar kan nie besluit word
 - a. vroue kan ampsdraers wees bloot omdat dit in die wêreld daarbuite gebeur nie, of omdat vroue kan nie. Nee, maak seker wat die Here self sê!
 - b. Ons kan nie oor kelkies besluit bloot omdat ons bang is ons kry aansteeklike siektes nie. Ons moet seker maak wat die Here se bedoeling is – regtig net een kelk, of meer en kleiner kelke (en ook kelkies).
 - c. Ons kan nie in die gemeenskap betrokke word bloot omdat ons nou onder die indruk is van die nood van mense nie, ons doen dit omdat God se Woord ons beveel.
2. **Individuele gelowiges** mag God nie eiewillig dien nie.
 - a. Hoekom is daar so baie “Christene” wat saambly (sonder getroud te wees)? Is dit in lyn met God se Woord, of is jy besig met vreemde vuur?
 - b. Hoekom is daar net soveel egskeidings onder kerkmense as in die samelewing? Maak ons erns met God se opdragte?
 - c. Hoekom praat ons (en tree op) op rassistiese wyse, terwyl daar by die Here geen onderskeid is nie?
 - d. Hoekom vloek ons, selfs met die Here se naam, net soos die wêreld daarbuite.
 - e. Hoekom is ons nie heilig nie? Hoekom dra ons vreemde vuur aan die Here op?

Daar is op twee maniere genadeverkondiging in hierdie gedeelte.

- Die offers self wys vooruit na Jesus. En die offer van Jesus is dit wat ons loskoop! Laat ons aan Hom, Jesus, en Hom alleen vasklou as ons Middelaar voor God.
- Twee boeties van Nadab en Abihu tree ook verkeerd op – hulle verbrand sekere offers in plaas daarvan om dit te eet. Maar Aaron tree vir hulle in – hulle was nie aspris oneerbiedig aan die Here nie. Die respek vir God bestaan wel, terwyl dit by die ander twee nie bestaan het nie. Daarom kan ons maar rustig wees – God sien die gedagtes en die bedoelings van die hart.

Hoe is jou hart se gesindheid teenoor God? Is jy stil voor se heiligheid, of is jy arrogant en ongeërg? Nagmaal, soos ons pas gevier het, verseker ons dat God die berouvolle sondaar in genade aansien!